# LAERSKOOL MIKRO

*… waar kind nog kind kan wees …*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

31/2022

20 September 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Ons is saam met u opgewonde oor ons konsertweek. Voorlopig dankie aan almal wat opofferings maak om hierdie baie spesiale geleentheid vir ons kinders moontlik te maak. Ons doen 'n beroep op u om by die tye en reëlings te hou en om die nodige geduld aan die dag te lê. Ek is seker ons kinders gaan baie daarby baatvind om saam met hul maats hiervan deel te wees.

Ons het u reeds ingelig van ons voorneme om 'n selfoontoring op ons skoolterrein te laat oprig, wat vir die skool 'n maandelikse huurinkomste verseker. Die beheerliggaam het kennis geneem van besware van sommige ouers in dié verband en 'n opvolgvergadering is daaroor op Dinsdag, 13 September 2022, gehou. Heelwat inligting is aan die beheerliggaam voorgelê, ten einde seker te maak die oprigting van so 'n selfoontoring hou nie risiko's vir enigeen op die skoolterrein in nie. Met hierdie inligting tot die beheerliggaam se beskikking, is besluit om voort te gaan met die oprigting van die selfoontoring, in die wete dat daar nie konkrete bewyse is van die gevare wat dit kan inhou nie.

Saam met vandag se Mikrofokus ontvang u 'n brief rakende die beheerliggaam se algemene jaarvergadering, waar die skool se 2023-begroting vir goedkeuring voorgelê gaan word. Dié vergadering vind op Donderdag, 27 Oktober 2022 plaas.

## 2. VERSKIETENDE STERRE

Die volgende inligting is uiters belangrik vir die komende week:

- Deelnemers meld om 18:30 in die Graad 4-vierkant aan asook in die Graad 5-7 vierkant. Leerders tree, waar hulle in die oggende staan wanneer skool begin, aan.

- Sekere groepe benodig meer tyd vir grimering. Klasopvoeders sal klasgroepe direk kontak indien dit nodig is om vroeër as 18:30 aan te meld.

- Albei Spruitstaat se groot hekke sal oop wees om die in en uit beweeg van leerders tydens af-/oplaai te vergemaklik.

- Die wit hek by die snoepie asook die hek by Spruitstraat (Graad R-klasse) sal teen 19:00 weer gesluit word vir leerders se veiligheid en weer 21:30 oopgesluit word wanneer leerders afgehaal word. Leerders moet asb deur 'n verantwoordelike persoon gehaal word. Leerders mag onder geen omstandighede self uitbeweeg nie.

- Leerders mag addisionele eetgoed saambring asook 'n speletjie wat hul by hul tafel kan speel (geen elektroniese toestelle)

**Alle Graad 1 tot 7-leerders van die skool verdaag die week van 20 – 22 September 2022 om 13:00 om deelnemers die kans te gee om te rus vir optredes elke aand. Geen buitemuurs vind op die betrokke dae plaas nie. Die skool sal Vrydag, 23 September 2022 vir alle Graad 1 tot 7-leerders ook om 13:00 sluit.**

3. **OUERBESOEKE:**

Gr. R – 3: WOENSDAG, 28 SEPTEMBER 2022
GR. 4 – 7: DINSDAG, 11 OKTOBER 2022

Teen môre sal sekere gr. R- tot 3-ouers 'n uitnodiging na die bogenoemde ouerbesoeke ontvang. Onderwysers sal u slegs uitnooi indien hulle 'n kind se vordering met u wil bespreek. Indien u dus geen uitnodigingsbrief ontvang nie, is 'n besoek nie nodig nie.

Graad 4- tot 7-ouers sal vroeg volgende week hul uitnodiging ontvang. Dankie vir almal se begrip.

4. **INTERHUIS ATLETIEKBYEENKOMS 2022**

Ons herinner ouers aan die komende week se atletiek. Die volgende reëlings is belangrik.

- Alle leerders kom met interhuisklere skool toe van Maandag, 26 September 2022 tot Donderdag, 29 September 2022.
- Maandagmiddag, 26 September 2022 oefen gr. 6 en 7 atletiek soos per normale oefenrooster.
- Dinsdagmiddag, 27 September 2022 oefen gr. 4 en 6 atletiek soos per normale oefenrooster.
- Donderdag, 29 September 2022 **VERDAAG DIE SKOOL OM 12:30** en die o.10 - o.13 velditembyeenkoms begin om 13:00.
- Saterdag, 15 Oktober 2022 (volgende kwartaal) word die baanitembyeenkoms gehou vir alle leerders (gr. R tot 7)
- Die buitemuurse program sal op Dinsdag, 27 September 2022 op die School Communicator onder bronne gelaai word. Hierdie program tree in werking op Woensdag, 12 Oktober 2022.

5. **LANGTAFEL-ETE: WOENSDAG, 12 OKTOBER 2022**

Maak seker dat u betyds 'n kaartjie teen R350-00 per persoon by u klas se klasverteenwoordiger koop. Verkope sluit Maandag, 26 September 2022.

Moenie hierdie spesiale verjaardagviering misloop nie!

6. **MIKRO MAKKER NASORG**

Ons is baie opgewonde oor die nasorg wat pragtig uitbrei. Ons besef dat dit beslis te danke is aan ons nasorgspan wat goeie beheer en toesig toepas. Ons wil dus ons waardering teenoor hierdie dames uitspreek. Wees ook verseker dat, soos wat die getalle vir die nasorg uitbrei, toesighouers dienooreenkomstig aangestel word om kwaliteit diens te verseker.
Ons nasorg sal eersdaags sy eie gedragskode, in lyn met die skool s'n, hê waaraan elke leerder en toesighouer moet voldoen.
Baie dankie vir u ondersteuning in die verband. Ons glo en vertrou dat hierdie eenstopdiens vir u besliste voordele inhou.

Voorspoed vir die week.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

VUMA

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET




Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
Suid Kerk
CONNEC
Suid rus gelowiges toe om hul gawes uit te leef en die Evangelie te verkondig
Ons vier Erfenis naweek met 'n
Plantjiebasaar
23 - 29 Sept
Menu
VRYDAG
Burger en chips......... R60
Wafel en roomys.......... R35
SATERDAG
Breakfast bun................................ R30
Bun met 2 repies bacon en eier
Vol Breakfast - scramble eiers
2 repies bacon, ontbyt worsie,
roosterbrood en klein chips .......... R65
Pannekoek ...................................... R7
Braai ete. 1/4 hoender, wors,
roosterkoek, slaai
Of varktjop, wors,
roosterkoek, slaai .................. R90
Sondag en res van week
Cup of Life menu